STELLENBOSCH
STELLENBOSCH • PNIEL • FRANSCHHOEK
MUNISIPALITEIT • UMASIPALA • MUNICIPALITY

NUUSBRIEF
IPHEPHANDABA
NEWSLETTER

UITGAWE 44 - 2018 • EDITION 44 - 2018

Van die Burgemeester
From the Mayor

Liewe Inwoners

Dit is voorwaar al weer die Kersfeesseisoen! Oral in die winkels is kersvaders, rooi strikke, geskenke en kersmusiek. Hierdie jaar het in 'n oogwink verby geglip en tog het so baie ook in ons gemeenskappe en in ons dorpe gebeur.

Daar is heelwat goeie nuus vir die inwoners en ek hoop dit sal u help om die Feesseisoen op 'n hoë noot te begin.

Ek het verskeie versoeke uit die gemeenskap ontvang vir verligting van die watertariewe en na deeglike oorweging en gesprekvoering, het ek, as Burgemeester, die Raad versoek om die watertariewe te hersien en te verlaag. Natuurlik is water steeds baie skaars, maar die Raad kon die besluit neem omdat die watersituasie in die provinsie verbeter het, maar ook omdat ons besef dat ons inwoners baie moeilike ekonomiese omstandighede in die gesig staar.

Omdat ons 'n regering is wat luister, gaan die tariewe dus drasties verlaag MITS u steeds water spaarsamig gebruik. Ek wil alle inwoners en gemeenskapsleiers opreg bedank vir die verantwoordelike wyse waarop hierdie kwessie hanteer is. Ek vra ook egter dat u steeds sal help en nie baie water gebruik nie. Diegene wat meer as 20 Kiloliter per maand per huishouding gebruik, sal steeds baie hoë waterrekeninge kry.

Die nuwe tariefskaal kan egter nie terugwerkend intree nie. Openbare kommentaar daarop moet eers gevra word. Dit is alreeds geadverteer en sal so gou moontlik daarna voor die Raad vir bekragtiging verskyn en sal dan geïmplementeer word.

Dear Residents,

And so we have arrived at the Christmas Season again! Everywhere you look in the shops and malls there are red ribbons, gifts and Christmas music playing. This year has gone by in a wink and yet so much has happened in our communities and our towns.

There is a fair amount of good news for our residents and I hope it will help you to start the Festive Season on a high note.

I received various requests from the community for the relief of water tariffs and following all due consideration and discussion, I requested, as the Executive Mayor, that the Council review the water tariffs and lower it. Water of course remains scarce, but Council agreed to the request due to the improved water situation in the province and also because we realise that our residents are facing very difficult economic circumstances.

Because we are a government that listens, tariffs will be lowered drastically, IF you continue to use water sparingly. I want to sincerely thank all our residents and community leaders for the responsible way in which they handled this matter. I urge you to not use a lot of water. People who use more than 20 Kilolitres a month per household will still receive very high water bills.

The new tariff scale cannot be applied retrospectively. Public comments must first be gathered and worked through. It has already been advertised and will serve before Council for ratification as soon as possible after the public participation process. It is currently being investigated

Adv. Gesie van Deventer
UitvoerendeBurgemeester/
Executive Mayor
021 808 8002
mayor@stellenbosch.gov.za

SPAAR WATER
SAVE WATER

Nuwe Burgemeesterskomitee/ New MAYCO - *bl/pg 2*

STELLENBOSCH WCO 24
021-886 8976
SSI
SAFETY INITIATIVE

Daar word tans ondersoek ingestel oor hoe verligting gegee kan word aan die gemeenskap vir hoër tariewe wat vanaf 1 Julie 2018 tot op hede in werking was. As Burgemeester het ek reeds die administrasie versoek om daarna te kyk, maar uiteraard moet ons ook kyk na die uitgawes as gevolg van die water wat ons moet aankoop van Kaapstad teen hul veel hoër tariewe. Dis interessant dat selfs ons huidige tariewe veel laer is as die van ons bure stad Kaapstad en Drakenstein.

Nog goeie nuus vir die huurders van die munisipale woonstelblokke van Kloof, Lang, Monteray, Monte Christo en Mount View is dat die Munisipaliteit nou individuele watermeters vir elke eenheid geïnstalleer het. Tot nou toe was die hele blok as 'n eenheid gemeet vir verbruik en die bedrag is dan bloot gelyk verdeel tussen almal. Dit was 'n onregverdige praktyk en die inwoners wat spaarsamig water gebruik het, het dus geen voordeel daaruit getrek nie. Van nou af is elke woonstel verantwoordelik vir sy eie gebruik. Daarmee saam is die gesamentlike uitstaande skuld ook afgeskryf en 'n nuwe begin word gemaak. U almal kry dus 'n kersgeskenk in die vorm van skuldafskrywing, maar moet egter asseblief daarop let dat ons nou baie streng gaan optree teen verbruikers wat steeds baie water gebruik en agterstallig raak. U het immers nou beheer oor u eie rekening.

Die Raad het onlangs 'n konsep verordening oor buitelug reklame- en advertensietekens goedgekeur en u word nou gevra vir kommentaar hierop. Ek wil u graag aanmoedig om deel te neem en u insette te lewer oor die verordening. Omdat ons nou 'n lang vakansie het, is die tydperk vir kommentaar verleng tot 31 Januarie 2019. Die verordening is belangrik, want dit sal regulasies bepaal vir alle soorte buitelugadvertensies en advertensietekens. Ek kry gereeld klagtes oor hoe slordig sommige advertensies ons dorp laat lyk en dikwels laat massas borde die dorp soos die spreekwoordelike kersfeesboom lyk! Gebruik dus asseblief hierdie geleentheid om u insette te lewer en so 'n verskil te maak. Die konsep verordening is beskikbaar by ons munisipale biblioteke sowel as op die munisipale webblad.

Die Munisipale Stelselswet maak voorsiening daarvoor dat die Burgemeester 'n sekere aantal Burgemeesterkomiteelede mag aanwys om haar te help en adviseer in die uitvoer van haar pligte as Burgemeester. Met die nuwe veranderende organogram (personeelsamestelling) van die Munisipaliteit, die veranderende behoeftes van plaaslike regering in Stellenbosch en landwyd, die groei van vaardighede onder die raadslede sedert 2016, die skuif van Paul Biscombe na die Sweep posisie as gevolg van die aanstelling van die vorige Hoofsweep, Minnie Pietersen na die Speakerstoel, asook die behoefte om vaardighede na meer raadslede oor te dra, het die Burgemeester onlangs 'n nuwe Burgemeesterskomitee saamgestel. Die nuwe komitee is as volg:

- Finansiële Dienste - Raadslid Patricia Crawley
- Parke, Oop spasies en omgewing - Raadslid Xoliswa Mdemka
- Beplanning en Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling - Raadslid Esther Groenewald
- Jeug, Sport en Kultuur - Raadslid Manie Pietersen
- Landelike Bestuur en Toerisme - Raadslid Salie Peters

how we can give relief to the community for the higher tariffs that was applied from 1 July 2018 until now. As Mayor, I have already requested the administration to have a look at it, but of course we must also consider the expenses we have due to the water we must buy from the City of Cape Town at a much higher tariff. It is interesting to note that even our current tariffs are much less than that of our neighbours in Cape Town and Drakenstein.

More good news for the tenants of the municipal apartment blocks of Kloof, Lang, Monteray, Monte Christo and Mount View is that the municipality has now installed individual water meters for each unit. Until recently, these blocks were metered with a single water meter and the amount was then simply divided between all the units. It was an unfair practice and residents who used water sparingly received no benefits from saving water. From now on, every apartment will be responsible for their own use. Along with the individual meters, the combined debt for each of these blocks has been written off and they are starting anew. As the affected tenants, you therefore get a Christmas gift of a debt write-off, but you must realise that we will now act very strictly against consumers who still use a lot of water or who fall behind with their accounts. You do indeed now have control over your own account and you are directly responsible for the water your unit uses

Council recently approved a concept bylaw on outdoor advertising and signage and it is now open for a public participation process. I want to encourage you to participate and give your inputs on this concept bylaw. Because we are right at the start of the summer break, we have extended the time for public participation until 31 January 2019. This bylaw is important because it will determine the regulations for outdoor advertising and signage. I frequently receive complaints about how messy some of these advertisements make our towns look and often the massive amount of signs make our towns look like the proverbial Christmas tree. Please use the opportunity to give your inputs and make a difference. The concept bylaw is available at our libraries and on our municipal webpage.

The Municipal Systems Act makes provision for the Mayor to appoint a certain number of Mayoral Committee Members to advise her and assist her with the execution of her duties. With the recently revised organogram (staff composition) of the Municipality as well as the changing needs of local government within Stellenbosch, the growth of skills amongst the councillors since 2016, as the appointment of the previous chief whip, Minnie Pietersen, to the Speaker's chair as well as the need to transfer more skills to councillors, I recently decided to change the composition of my Mayoral Committee. The new committee is as follows:

- Finical Services – Councillor Patricia Crawley
- Parks, Open Spaces and Environment – Councillor Xoliswa Mdemka
- Planning and Local Economic Development – Councillor Esther Groenewald
- Youth, Sports and Culture – Councillor Manie Pietersen
- Rural Management and Tourism – Councillor Salie Peters

- Gemeenskap en Veiligheidsdienste - Raadslid Jan de Villiers
- Infrastruktuur - Raadslid Quintin Smit

Die Korporatiewe Dienste portefeulje is steeds vakant en daar is reeds 'n proses om die posisie te vul.

Ek het baie versoeke van die breër landbousektor en die landelike gebiede in Stellenbosch gekry vir meer direkte verteenwoordiging van hul belange. Hulle versoek was 'n nuwe portefeulje wat spesifiek op landbou en toerisme sal fokus. Daarom het ek 'n nuwe portefeulje geskep naamlik Landelike Bestuur en Toerisme. Dit sal verbeterde en meer insette van landbou, landelike gebiede en toerisme verseker.

Die afgelope maand het ek met verskeie geestelike en geloofsleiers vanuit ons breër Stellenbosch gemeenskap ontmoet. Soos ek reeds verlede maand aan u genoem het, was ek bevoorreg om die stigtingsvergadering van die Kayamandi Minister's Fraternal by te woon. Kort daarna was ek bevoorreg om die Ringvergadering van die Nederduits Gereformeerde en Verenigde Gereformeerde Kerke by te woon en kon met hul gesels oor die uitdagings wat ons as dorp ervaar, veral ten opsigte van behuising. Ek is baie dankbaar vir hierdie geleentheid en kon baie leer van ons geloofsleiers en kerke in ons area. Ek het onderneem om saam met hulle te werk om die uitdagings, wat veral die mees weerlose mense in ons gemeenskappe in die gesig staar, saam met hulle aan te pak. Ek wil ook alle ander geloofsleiers en organisasies wat my nog nie gesien het nie, uitnooi om my te kontak en met my te kom gesels.

November is ook die tyd van die jaar waaraan ons herinner word aan die trauma en geweld wat vrouens en kinders in ons gemeenskappe elke dag ervaar. Met die jaarlikse 16 Dae van Aktivisme teen Geweld teen Vroue en Kinders, wil ek elke inwoner verseker dat ek hier is om u te help met raad, as u met die realiteit van mishandeling gekonfronteer word. Geweld teen vroue en kinders is nie 'n probleem wat uniek is tot 'n spesifieke ekonomiese klas of kultuurgroep nie. Dit diskrimineer nie teen wit of swart, ryk of arm nie – dit is 'n verskriklike en werklike probleem wat oral in ons samelewing voorkom. Moet asseblief nie hierdie vreeslike plaag duld nie. Indien u bewus is van iemand wat mishandel word, meld dit asseblief aan. Dit is regtig net wanneer ons die stilte en geheimhouding hieroor gaan breek, dat ons die situasie sal kan verbeter. Ek weet dat dit baie, baie moeilik is om te erken dat jy 'n slagoffer is, en dat u soms as gevolg van ekonomiese redes stilbly, maar ek soebat u, asseblief praat hieroor, kry hulp! Ek sal enige iemand wat my kontak hieroor probeer help en met streng vertroulikheid hanteer.

Ek weet dat baie van ons inwoners tydens die Feesseisoen op die pad gaan wees. Ek wil u vra om asseblief versigtig te ry en veilig te wees op die pad. Desember is gewoonlik een van die besigste tye op ons paaie, en omdat Stellenbosch 'n gewilde toerismebestemming is, het ons nooit meer baie stil tye nie. Ons verkeersbeamptes sal weer saam met die SAPD en die Provinsiale Verkeersbeamptes diens doen regdeur die Feesseisoen om seker te maak alle padgebruikers hou by die reëls. Ek wil u mooi vra om ten alle tye te hou by die spoedbeperkings, nie dronk te bestuur nie en wanneer u moeg word, 'n blaaskans te neem. Kom eerder 'n bietjie later, maar veilig by u bestemming aan. Ek wil ook graag dankie se vir al

- Community Services and Safety Services – Councillor Jan de Villiers
- Infrastructure – Councillor Quintin Smit.

The Corporate Services portfolio is still vacant but the process to fill the vacancy is already underway.

I received many requests from the broader agricultural community and rural areas in Stellenbosch for more direct representation of their interests. Their request was to specifically create a new portfolio that focuses on agriculture and tourism. That is why I created a new portfolio called Rural Management and Tourism. This will ensure more contributions and improved inputs from the agricultural community and tourism sector in our region.

The past month I met with various spiritual and religious leaders from the broader Stellenbosch Community. As I mentioned last month, I was honoured to be invited to the founding meeting of the Kayamandi Minister's Fraternal. Soon after, I was privileged enough to be invited to the Ring meeting of Dutch Reformed and United Reformed Churches to talk with them about the challenges our towns experience especially in terms of housing. I am very grateful for the opportunity and learned a lot from our churches and religious leaders. I will work with them to address challenges that especially affect vulnerable people in our community. I want to invite other religious leaders and organisations that I have not yet met with, to please contact me or to arrange a meeting with me.

November is also the time of year where we are reminded of the trauma and violence that women and children face in our communities every day. With the annual 16 Days of Activism for Violence against women and Children, I want to remind every resident that I am here to help you with advice, if you are confronted with the reality of abuse. Violence against women and children is not a problem that is unique to a specific economic class or cultural group. It does not discriminate between black and white, rich or poor – it is a terrible and real problem that occurs everywhere in our society. Please do not tolerate this terrible scourge. If you are aware of anyone who is being abused, please report it. It is only when we break the secrecy surrounding this subject that we will make a difference. I know that it is very difficult to admit that you are a victim and that sometimes you stay silent for emotional reasons. I however beg you to please talk about this, get help! I will try and help anyone who contacts me with this problem and will handle it with the greatest confidentiality.

I know many of our residents will be on the road during the Festive Season. I want to ask you to please drive carefully and be safe on our roads. December is usually one of the busiest times of the year on our roads and because Stellenbosch is a very popular tourism destination, we rarely have any quiet times. Our traffic officials will again work with the SAPS and the Provincial Traffic Officials to patrol our roads throughout the Festive Season, to make sure that all road users stick to the rules. I want to ask you to please adhere to the speed levels, do not drive under the influence of alcohol and when you feel tired take a break. Rather arrive at your destination late but safe. I want to sincerely thank all the officials and their families who are working

ons beamptes en hul families wat hierdie seisoen werk, al wil hulle ook graag soos almal gaan vakansie hou. Ons waardeer u opoffering en elke lewe wat gespaar word, maak dit die moeite werd.

Met die hoër temperature en wind is die gevaar van wegholbrande ook ŉ realiteit. Sommige dorpe in die Wes-Kaap het reeds deurgeloop onder ernstige brande en ons medelye gaan uit aan die familie en vriende van die slagoffers. Hier by ons was daar ook verskeie voorvalle in ons informele woongebiede en twee mense het hul lewens verloor in Langrug, Franschhoek. Wees asseblief versigtig. Maak seker dat sigaretstompies dood is voor u dit weggooi. Ons het onlangs ŉ voorval gehad waar ŉ persoon ŉ stompie in ŉ drom gegooi het en dit die vullis binne die drom aan die brandgesteek het. Niemand is beseer nie, maar dit kon ŉ ramp veroorsaak het. Maak ook seker dat wanneer u ŉ braaivleisvuur aansteek, dit veilig en verantwoordelik gedoen word en dat u die kole na die tyd blus. Met die wind en warm weer kan een vonk groot skade aanrig.

Aan al ons inwoners wat Kersfees vier, mag dit ŉ geseënde tyd vir u familie en vriende wees. Baie dankie vir ŉ wonderlike en betekenisvolle 2018. Dankie vir al die saampraat en saamwerk om ons dorpe wonderlike plekke te maak om in te bly. Mag hierdie Feesseisoen vir almal ŉ tyd van vrede en liefde wees. Ons gesels weer in die Nuwe Jaar!

Geseënde Kersfees en gelukkige Nuwe Jaar!

Beste Wense
Burgemeester Gesie

during the festive season, even though they would like to be on holiday as well. We appreciate your sacrifice and every life that is saved makes it worth it.

With the higher temperatures and wind, the danger of runaway fires is a reality. Several towns in the Western Cape have already been severely affected by serious fires and our thoughts and prayers go out to the families and friends of the victims. We also had several incidents in informal settlements and two people from Langrug, Franschhoek, lost their lives. Please be careful. Make sure that cigarette buds are completely extinguished before you throw it away. We recently had a situation where a person threw a cigarette bud in a rubbish bin and the rubbish in the bin immediately caught fire. Nobody was injured, but it could easily have turned into a disaster. Please make sure that when you light a fire for a braai, that it is done safely and responsibly and that you extinguish the remaining coals afterwards. With the current winds and warm weather, one spark can be disastrous.

To all our residents who celebrate Christmas, may this be a blessed time for your family and friends. Thank you for a very meaningful 2018. Thank you for all the conversations and working together to make our towns wonderful places to live. May this Festive Season be a time of love and peace for everyone. We will chat again in the New Year!

Merry Christmas and a happy New Year!

Best Wishes
Mayor Gesie